

3 April

**Skrifgedeelte: Spreuke 6:1-11**

**Fokusgedeelte: Spreuke 6:10-11; Matteus 6:11**

### **Armoede en gebrek – waar lê die oorsaak?**

Die vierde bede van die gebed wat die Here Jesus ons geleer het, is baie bekend aan ons en só ook die verklaring van dié bede in die Heidelbergse Kategismus (Sondag 50, vraag en antwoord 125), naamlik: *Versorg ons met alles wat vir die liggaam nodig is sodat ons daardeur erken dat U die enigste Bron is van alles wat goed is en dat al ons sorg en arbeid en ook u gawes sonder u seën ons nie kan baat nie. Gee daarom dat ons ons vertroue van alle skepsele aftrek, en op U alleen stel.*

Ons vra voortdurend dat God vir ons in sy groot genade vir ons sal versorg met alles wat vir die liggaam nodig is. Hoe sorg die Here vir ons? Hy voorsien in ons behoeftes (daaglikse brood) van die liggaam – ons kos, klere, blyplek ensovoorts – deurdat Hy aan ons die krag gee om ons daaglikse brood te verdien. Hierdie gedeelte wys ons op die gevaar van verkeerd omgaan met dit wat die Here in sy groot genade aan ons gee om ons te versorg in dit wat vir die liggaam nodig is. So waarsku die Here ons in verse 6-11 teen die gevaar van verkeerd omgaan met dit wat God tot jou beskikking stel om jou daaglikse brood te verdien. Die lewenskrag, tyd en energie wat Hy aan jou gee om te werk sodat jy versorg kan wees in wat vir die liggaam nodig is, mag jy nie verkwis deur nie te werk nie. Jy mag nie bid nie: *“Gee ons vandag ons daaglikse brood”* en dan verwag dat dit na jou moet kom op 'n skinkbord terwyl jy “nog 'n bietjie slaap en nog 'n bietjie sluimer” nie.

Christus leer ons om te bid en God te vra vir dit wat ons daaglik nodig het. Om dit te ontvang, is groot genade. Genade beteken egter nie om agteroor te sit nie. Dit beteken jy moet hard werk en dit gebruik wat God jou gegee het om mee te werk. Laat die Heilige Gees jou vandag lei om in God se genade jou daaglikse brood uit sy Hand te ontvang deur die werk wat jy in dankbaarheid doen. Laat die Heilige Gees jou ook elke dag lei om van die Brood van die Ewige Lewe te leef.

Sing: Psalm 128:1 (Totius)

Ds. MP Fourie (Aliwal-Noord)